



Ligdraer

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

9 Junie 2019

Oggenddiens 9H30

Aanddiens 18H00

Hartlik welkom aan elkeen vanoggend by ons ontmoeting met die Here

Ons, as bruidskerk van Christus, verkondig Christus deur die diepgaande kennis van die Skrif en die Belydenisgeskrifte

Ons nooi almal vriendelik uit om na afloop van die erediens saam met ons 'n koppie tee/ koffie in die saal te geniet. Kom kuier lekker saam en leer mekaar ken.

Kleuterbediening tydens oggenddiens:

Al ons maatjies (3 – 7 jaar)

Gelukkige Verjaarsdag!



Maandae: 19H00


Dinsdae 9H00: **Aan huis van Lucia Erasmus**

Woensdae: 8H30

Donderdae: 9H00

Jong volwassenes: Evert & Cherése

Kleynhans



Kontakbesonderhede van Ontdekkersgemeente:

Skakel ons!

011 672 3810

Stuur e-pos!



info@ontdekkers.org.za



www.ontdekkers.org.za

Besoek ons webbladsy



“LIKE” & “SHARE”

Gereformeerde Kerk Ontdekkers

Selfoonnommer: 060 342 3316

Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God." Ps. 84: 11

Die vertaling volgens GOOGLE vir die woord rykdom in Afrikaans is as volg: "besittings, voorspoed, kapitaal, fortuin, geld, eiendomme, luukse en baie."

Die lewe is 'n gejaag na wind, want mense is op soek na geld en status, daar is net geen versadigingspunt of 'n punt van tevredenheid nie. Die "ware rykdom" lê egter nie in geld en besittings nie en jy gaan lank soek solank as wat dit jou lewe beheer. God en God alleen versadig, maar jy moet in 'n verhouding met Hom staan, elke oomblik van jou dag. Dit is net God wat jou daardie diep tevredenheid kan gee, by wie jy totale rus en vrede vind. Rykdom = God se oorvloed vir jou.

"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." Matteus 6: 19 - 21

Vandag is Pinkstersondag en ons vier dit deur by die Feestafel van die Here aan te sit.

Neem asseblief kennis dat daar baie inligting op die kennisgewingborde in die saal geplaas word. Dit is te veel inligting om dit deur die Ligdraer te kommunikeer.

Dink asseblief in julle gebede aan:

- ❖ **Willie Badenhorst** wat 'n baie groot rug-operasie ondergaan het. Die dokters is tot op hede tevrede met die operasie.
- ❖ **Johan van der Walt** wat tans, na sy heupvervanging, tuis aansterk. Dit gaan baie goed en indien jy 'n kansie het kan jy gaan inloer. Johan bedank almal wat geskakel en boodskappies gestuur het.
- ❖ **Maarten Snyman** wat in die hospitaal is en toetse ondergaan.
- Na afloop van die erediens gaan ons braai. Bring jou piekniek mandjie met vleis, drinkgoed en eetgerei vir jouself, jou gunsteling bykos en so bietjie ekstra wat ons met mekaar kan deel. Die vuur, pap en sous word gratis voorsien. Kom geniet mekaar se geselskap en saamwees as medegelowiges.
Henk Kruger

- Die dames bedank elkeen vir sy bydrae tot die vetkoek fondsinsameling. Die wins beloop R 6 530.00 en sal vir die opknap van die kombuis aangewend word. Die mandjie verkope het 'n verdere inkomste van R 1 500 ingebring. Die dames het dit dan goed gedink om vir Vadersdag weer die mandjies te vul. Daar is mandjies in die saal beskikbaar indien jy 'n mandjie vir die mans wil opmaak.
- Kom wys ons jou **talente**, GROOT, KLEIN, JONK, OUD, voorbereid of onvorbereid, op Vrydag, 30 Augustus 2019, om 19H00 nm. Dit is nie 'n kompetisie nie, maar 'n heerlike kuier aand. Sop en vetkoek @ R 25 sal beskikbaar wees en die fondse is ten bate van die jeug. Skakel JC - 072 087 0932.
- **Eiers** (freelance / vrylopende hoenders se eiers) **te koop** @ R 50 /tray (18 eiers), **gemengde** tray, met jumbo, groot en medium. Bestellings moet voor Woensdag om 10H00 geplaas word en aflewering sal Donderdae plaasvind. Skakel Nic Putter - 082 439 9612.
- Petra van der Merwe verkoop vars lamsvleis @ R 85.00 /kg. Kontak haar by 072 844 7795.

Leef in HOOFFLETTERS – deur Stephan Joubert

Martin Luther King jnr. het op 'n keer gesê dat as jy 'n straatveër is, dan moet jy dit doen met dieselfde passie as waarmee Michaelangelo sy beeldhouwerke uitgekap het, of waarmee Mozart sy musiek gekomponeer het. Dit is wat Paulus bedoel as hy skryf dat ons tot eer van God moet leef in alles wat ons doen en sê in Kolossense 3:17. Anders gesê, die Heer se Naam moet in HOOFFLETTERS geskryf staan bo-oor elke woord op ons lippe en bo-oor elke daad wat ons doen. Die Here moet die Eregas wees by elke gesprek wat ons voer. Hy moet die Getuie wees van elke taak wat ons verrig. By elke ete moet Hy die Gasheer wees. Of ons werk, speel of slaap, ons moet dit doelbewus doen om God se hart bly te maak. Pro-aktief en intensioneel moet ons die Here deel maak van ons daaglikse lewe. Ons moet Hom uitbundig, voelbaar en sigbaar liefhê. Dan is ons lewe 'n voltydse crescendo oor God se goedheid. Dan leef ons in HOOFFLETTERS, daardie soort wat God maklik raaklees. Ander mense ook. Dan verheerlik ons Hom op die regte maniere.

Gegroet tot volgende week! ☺

OGGENDDIENS

TEMA: Hoe weet ek waar die Heilige Gees aan die werk is

Stemmingsliedere

Lied 528: 1 & 3

Lied 308: 1 - 3

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Sb. 8-2: 1 - 5

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Versoeningsdiens

Nagmaal: Selfondersoek

Ps. 51-2: 1 & 4

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Handeling 18: 24 –
19: 7

Fokusvers: Markus 1: 8

Nagmaal

Instelling

Sb. 17-3: 1 & 2

Ps. 118: 2 & 7

Antwoorddiens

Gebed

Sb. 12-6: 1 - 5

Groetseën

AMEN

AANDDIENS

TEMA: “Beproef alle dinge;
behou die goeie”?

Stemmingsliedere

Ps. 48: 1 & 4

Ps. 112-2: 1 - 3

Sb. 510: 1 - 4

Ontmoetingsdiens

Votum / Seëngroet

Ps. 126: 1 & 2

Lied 168: 1 & 3

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: 1 Tessalonisense 5:
12 - 22

Fokusvers: 1 Tessalonisense 5:
21 - 22

Antwoorddiens

Gebed

Sb. 14-3: 3 & 4

Groetseën

AMEN

Lied 562: 1 & 2